

6 Junie

Skrifgedeelte: Nehemia 9

Fokusgedeelte: Nehemia 9:5

Loof ons ewige, versorgende God

Uiteindelik is Jerusalem se vervalde mure herbou. Die tempel is nog nie verder as die fundamente wat gelê is, gebou nie. Dit weerhou die volk egter nie om tog die huttefees te vier nie.

Die volgende dag, na 'n heerlike feestyd (8:18-19), kom hulle met rouklere aan bymekaar, soos wat hulle reeds vroeër besluit het (8:10, 11), om vir drie ure lank na die voorlesing uit Gods Woord te luister.

Die presiese voorlesing is nie bekend nie, maar daarna kan die Leviete nie anders as om aan God lof en dank te bring nie, want hulle kom onder die indruk van God se genade, grootheid en getrouheid (vs 6-37). God se daade staan in skrilte kontras met hulle eie sondes en swakhede. Hierdie onveranderlike God gaan, op 'n wyse (Rom 5:8) wat aan hulle nog onbekend is, tog genade betoon (vs 31). Daarom roep hulle die volk op tot lofprysing (vs 5).

As ons dink aan die liefdevolle en getroue versorging wat God deur sy Seun en Gees oor die eeue heen aan gelowiges geskenk het; as ons dink aan al die ellendes wat ons self beleef en hoe God ons daardeur begelei, kan ons ook nie anders as om Hom te eer en te prys nie.

Onverdiend skenk Hy aan ons onophoudelik fisiese en geestelike seëninge – meer as wat ons raaksien of wil erken. Daaroor mag ons nooit stil raak nie en moet ons dit ook uitjubel: “Kom prys die Here julle God, Hy is van ewigheid tot ewigheid.”

Sing: Psalm 66:1 en 7

Ds PG Geertsema (Pretoria-Brooklyn)